

CLUSTER VRAESTEL
FET – AFRF – GT – 09
MIDRAND FOURWAYS OTHER PRETORIA
VOORBEREIDENDE EKSAMEN



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II
GRAAD 12

TYD	2½ UUR
PUNTE	100
EKSAMINATRISE	ME. KAREN GROBBELAAR
MODERATRISE	ME. GERDA MECCHI
DATUM	SEPTEMBER 2025


LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

AFDELING A PROSA**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.** Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
5. **BEPLANNING** (vir paragrawe en langer skryfstukke)
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING**, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou beplanning.

VOORBEELD:

DONKER WEB – FANIE VILJOEN

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die boek, *DONKER WEB*.

**VRAAG 1 VROUE IN DONKER WEB –
Mevrou Trollip, Ayla en Greg se ma**

1.1

In my agterkop speel die koerantberigte wat ek vanoggend gelees het. Dit dwing my rekenaar toe. Ek gaan lees weer oor dokter Trollip se dood, en soos 'n spinnekop wat se web verder soek, begin ek na berigte oor mevrou Trollip, die dokter se vrou soek.

[Bl. 45]

Daar was 'n paar koerantberigte wat informasie oor dokter Trollip gegee het.

- 1.1.1 Vir watter misdaad was dokter Trollip in die tronk? (1)
- 1.1.2 Watter besluit het mevrou Trollip oor hulle huwelik gemaak na aanleiding van haar man se misdaad? (1)
- 1.1.3 Watter **ander** inligting was daar ook in die koerant oor mevrou Trollip? Gee twee feite. (2)
- 1.1.4 Watter slegte gewoonte het mevrou Trollip gehad om van haar teleurstelling in haar man weg te kom? (1)
- 1.1.5 Op watter manier het mevrou Trollip later vir Greg met sy soektog na die Baker gehelp? (1)

1.2

Toe ek omdraai, sien ek die mooiste meisie ooit. Lang donkerbruin hare krul sag in haar nek. Oë met 'n misterieuse kyk.

[bl. 143]

- 1.2.1 Hoe het Ayla en Xander ontmoet? (1)
- 1.2.2 Hoekom was dit vir Ayla moontlik om Afrikaans te verstaan? (1)
- 1.2.3 Gee die rede waarom Ayla haar ouers nie gereeld gesien het nie. (1)
- 1.2.4 Greg het later vir Ayla verwar oor haar verhouding met Xander. Hoe het hy dit reggekry? (1)

1.3

Dit sou hom nie terugbring nie, al het Ma hoe gepleit in die kar op pad hospitaal toe. Die stadige oopmaak van die ambulansdeure by noodgevalle het die tyding gebring.

[bl. 13–14]

- 1.3.1 Watter tragiese gebeurtenis het veroorsaak dat Rina Owen op pad hospitaal toe was? (1)
- 1.3.2 Wat het Rina Owen bedoel met die woorde: "As jy wraak wil neem, moet jy twee grafte grawe"? (1)
- 1.3.3 Watter skildery het Greg se ma vir hom gekoop en hoekom het sy hierdie skildery gekoop? (2)
- 1.3.4 Watter bewys het Greg later gehad dat die Baker sy ma dopgehou het? (1)
- [15]**

VRAAG 2 GEWELD (*violence*) IN *DONKER WEB*

2.1 Sebastian Stadler was gewelddadig.

2.1.1 By wie het Sebastian Stadler geweld leer ken? (1)

2.1.2 Noem die naam van die persoon wat na Sebastian Stadler as " 'n duiwel" verwys het. (1)

2.1.3 Op watter gewelddadige manier het Sebastian Stadler se pa sy lewe beïnvloed? (1)

2.1.4 Noem twee projekte waarby Sebastian betrokke geraak het om sy intense fassinatie met pyn te bevredig. (2)

2.2 Skryf 'n **paragraaf van 80 – 120 woorde** waarin jy die rol van geweld in *DONKER WEB* bespreek.

In jou paragraaf moet jy aandag aan die volgende gee:

- | | |
|---|-------------|
| • Hoe het Xander die pistool in die hande gekry? | 1 |
| • Waarin was die pistool weggesteek toe Xander dit gekry het? | 1 |
| • Op watter manier het Xander vir Greg bang gemaak met die pistool? | 1 |
| • Hoe het Xander die pistool in Venesië gebruik om inligting oor die Baker te kry? | 2 |
| • Waarvoor het Xander die pistool die laaste keer gebruik? | 1 |
| • Hoe het Xander van die pistool ontslae geraak sodat daar geen bewyse was van sy betrokkenheid by die Baker se dood nie? | 1 |
| • Wat het die Baker se manne met die pistool gedoen voordat hulle die regter tereggestel het? | 1 |
| • Op watter manier is die regter tereggestel? | 1 |
| • Wie het besluit hoe die regter tereggestel sou word? | 1 |
| | (10) |
| | [15] |

VRAAG 3 ONDERHOUD MET VALKYRIE

Voltooi die volgende dialoog tussen 'n joernalis en Valkyrie. Skryf SLEGS die vraagnommer en Valkyrie se woorde in jou antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

'n Joernalis sit en gesels met Valkyrie op die bankie in die Giardini Reali. Hy werk vir Turrett-media en is nuuskierig oor Valkyrie se aandeel in die hartseer einde van Plank se lewe.

- 3.1 Joernalis: Waar het Greg vir Sebastian die eerste keer ontmoet?
Valkyrie: ... (1)
- 3.2 Joernalis: Hoekom was jy nie by toe Greg vir Sebastian ontmoet het nie?
Valkyrie ... (1)
- 3.3 Joernalis: Hoe het Sebastian jou rol in sy lewe gesien?
Valkyrie Hy het gesê ek is sy (1)
- 3.4 Joernalis: Greg het jou twee keer gesien voor hy jou hier in die Giardini Reali gesien het. Tydens watter twee geleenthede was dit?
Valkyrie: ... (2)
- 3.5 Joernalis: Hoekom het jy vir Chris Owen en Dok Pienaar aan Sebastian voorgestel?
Valkyrie ... (1)
- 3.6 Joernalis: Watter rol het jy en Sebastian in *Project Nursery Rhyme* gespeel?
Valkyrie: Dit was my plan om ... terwyl dit Sebastian se idee was om ... (2)
- 3.7 Joernalis: Van watter soort musiek hou jy en die Baker?
Valkyrie: ... (1)
- 3.8 Joernalis: Wat het julle aan Greg gedoen nadat hy die vierde *power bank* gaan haal het? Wie het julle gehelp om dit reg te kry?
Valkyrie: ... (2)

3.9 Joernalis: Wat is Atropine en wat het van die Atropine geword wat jy by jou gehad het?

Valkyrie: ... (2)

3.10 Joernalis: Hoe het jy wraak op Sebastian se dood geneem?

Valkyrie: ... (1)

3.11 Joernalis: Hoekom dink die mense dat dit Greg Owen se lyk is wat uit die Canale Grande gehaal is?

Valkyrie: (1)
[15]

VRAAG 4 VERDAGTES

Dis waar ek en Oom Dirk dan begin. Ek vertel hom weer van Project Nursery Rhyme. Die regter. Xander. My kant van die storie. Ons neem ons tyd, plus die saak uit. Uiteindelik kom ons by die name. Van die verdagtes is vergesog:

[bl. 248]

Daar is 'n paar verdagtes wat moontlik die Baker kan wees. Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor die verdagtes in *DONKER WEB*.

Onthou:

- Jou opstel moet 'n inleidings- en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

A Inleiding

B Dirk Schutte

- Wie is Dirk Schutte en by watter geleentheid het Greg hom die eerste keer ontmoet? (2)
- Noem 'n feit uit Dirk se verlede wat hom moontlik die Baker kon maak. (1)
- Hoekom het Dirk na Florence toe gegaan? (1)
- Hoe het Dirk geweet dat Greg in Florence was? (1)
- Hoe het Dirk gehelp om Greg weer in Suid-Afrika te kry? (1)

C Ayla se pa

- Waarvandaan kom Ayla se pa oorspronklik? (1)
- Vir watter organisasie werk Ayla se pa? (1)
- Waar is Ayla wanneer Greg vir haar vertel dat sy Xander se volgende slagoffer is? (1)
- Hoekom dink Greg dat Ayla se pa die Baker is? (1)
- Hoe probeer Ayla dit aan Greg bewys dat haar pa nie die Baker is nie? (1)
- Hoekom wonder Ayla later of haar pa nie dalk werklik die Baker is nie? Gee twee feite. (2)

D André Symington

- Waar ontmoet Greg vir André Symington die eerste keer? (1)
- Gee twee redes waarom Greg dink dat André die Baker is. (2)
- Watter ander aanduiding was daar, terwyl Greg in Stellenbosch studeer het, dat Greg se ma in 'n verhouding met André was? (1)
- Wie dink nie dat André 'n verdagte is nie? (1)
- Hoekom, dink jy, vertel Greg nie vir sy pa van André se verhouding met sy ma nie? (1)
- Greg besoek sy pa vir 'n tweede keer in die tronk. Hoe kan jy aflei dat André steeds 'n rol in Rina Owen se lewe speel? (1)

E Slot

Taal en struktuur (5)
[25]

70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**


1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na **die volgende** gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf.
Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

VRAAG 5 BLOG**Situasie:**

Jy is klaar met die eksamen en is opgewonde oor jou toekoms.

Opdrag:

Skryf 'n **blog** waarin jy:

- vertel wat jou **skooljare** vir jou **beteken** het;
- vertel **waarna** jy **uitsien** nou dat jou **eksamen verby** is;
- vertel hoe jy 'n **positiewe verskil** in die wêreld kan maak.

Instruksies:

- Die inhoud **moet** die bogenoemde kolpunte aanspreek.
- Die inhoud van jou **blog** moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou blog neer.**
- Gebruik die onderstaande formaat vir jou blog.

[20]**VRAAG 6 DAGBOEKINSKRYWING****Situasie:**

Jy het iets verkeerd by die skool gedoen.

Opdrag:

Skryf 'n **dagboekinskrywing** waarin jy:

- vertel wat jy verkeerd gedoen het;
- **hoe** jy daarvoor voel; en
- **hoe** jy dit gaan regmaak.

Instruksies:

- Die inhoud van jou dagboekinskrywing moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- Die inhoud **moet** die bogenoemde kolpunte aanspreek.

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte